
# Berei die Weg vir die Here





2021-04-18
AGS Rayton
Past Gustav van Aardt

## Inleiding

Laat jy toe dat Jesus jou lewe beinvloed?

Het jy al ‘n pad vir Hom gemaak in jou lewe?

Wat is jou omstandighede?

Vertrou jy net op vleeslike dinge?

## Skriflesing

### Jes 40:1-8

Jes40:1  Troos, troos my volk, sê julle God.
Jes40:2  Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.
Jes40:3  'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!
Jes40:4  Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word.
Jes40:5  En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek.
Jes40:6  'n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat moet ek roep? Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos 'n blom van die veld.
Jes40:7  Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die HERE daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras!
Jes40:8  Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid.

## Die Here wil jou troos en versterk


- Die Here wil jou vertroos.
- Ons moet ook mekaar vertroos en aanmoedig
- Ons is nog steeds Sy kinders – God het elkeen lief.
- Hy vergewe sondes.
- Skuld is betaal met die bloed van die Lam
- Jesus Christus kan jou stryd vir jou verander.

Jes40:1  Troos, troos my volk, sê julle God.
Jes40:2  Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.

## Maak reg vir Jesus wat gaan kom

Jes40:3 ‘n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God!

- Jode oppad terug na Jerusalem toe
- Die pad terug na God toe
- Johannes die doper



Mat 3:2 gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.
Mat 3:3 Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!

## Maak reg vir Jesus se ingang in jou siel

Jes40:3 ‘n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God!



## Maak reg vir Jesus se ingang in jou siel

Jes40:3 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!
Jes40:4 Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word.

- Jy kan nie regmaak vir Jesus sonder bekering nie
- Maak ruimte vir Jesus in jou hart.
- Maak 'n "highway" gelyk vir Hom.
- "Make room for Christ"
- Wat is die dale en heuwels in jou lewe?
- Wat is die hindernisse en struikelblokke in jou lewe?



Psa 24:7 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
Psa 24:8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.

## Dan sal Sy Heerlikheid Deurbreek

Jes40:5 En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek.

- Sy heerlikheid sal verskyn in jou lewe
- Sy Gees wil deurbreek in jou hart
- God het dit gesê.
- Jesus kom verander jou omstandighede en uitkoms.

Psa 126:1 'n Bedevaartslied. Toe die HERE die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom.
Psa 126:2 Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen.

## Wees Dankbaar en Bly in jou Omstandighede

Fil 4:10  Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelik weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het, maar julle het die geleentheid nie gehad nie.
Fil 4:11  Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.



- Verbly jou in die Here
- Paulus maak ‘n weg oop van blydskap
- Moet nie net aan jouself dink nie
- Wees tevrede en dankbaar in alles (1 Thes 5:18)
- Dit gaan alles oor Jesus

## Kyk Verder As Vleeslike Dinge

Jes40:6  ‘n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat moet ek roep? Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos ‘n blom van die veld.
Jes40:7  Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die HERE daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras!
Jes40:8  Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid.



- Vleeslike dinge gaan verby.
- Ons kan onsself nie red nie.
- Almal het gesondig (Rom 3:23)
- Ons kan net gered word deur Jesus Christus
- Maar die **Woord Jesus Christus is vir ewig**



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp of Telegram: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible;